AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BCOM *(Ekonomie en Regte)*

NKR-VLAK 7	360 KREDIETE	SAKO-NOMMER: 112623	ONDERRIGLEERMODEL: Nauurse onderrigmodel of voltydse kontakmodel

WAT BEHELS HIERDIE KWALIFIKASIE?

Die BCom (Ekonomie en Regte)-kwalifikasie rus die student toe met basiese kennis en vaardighede in ń verskeidenheid van velde binne die sake- en regsomgewing. Die student word met analitiese vaardighede, probleemoplossingsvaardighede, kritiese denke en ook regskennis toegerus. Hierdie verskeidenheid van kennis en vaardighede waarmee die student toegerus word, bemagtig die student om ’n suksesvolle loopbaan te betree en moontlike beroepe soos regsadviseur, ekonoom, navorser of konsultant te beoefen. Dit gee ook die student toegang tot verdere nagraadse studie in ekonomie of selfs ’n regskwalifikasie, soos ’n LLB-graad. Met die regskwalifikasie kan die student as prokureur of advokaat toegelaat word.

HOE LANK NEEM DIT OM HIERDIE KWALIFIKASIE NAUURS OF VOLTYDS TE VOLTOOI?

Die program kan in ’n minimum tydsduur van drie jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is sewe jaar.

PROGRAMKOSTE VIR 2021: **Vanaf R49 200** *(jaar een, voltyds)* | **Vanaf R42 600** *(jaar een, nauurs)*

WATTER MODULES MOET EK VOLTOOI?

EERSTEJAARMODULES

Ekonomie 1	Personereg	Familiereg	Inleiding tot die Reg
Finansiële Rekeningkunde 1	Ondernemingsbestuur 1	Statistiek	

TWEEDEJAARMODULES

Ekonomie 2	Finansiële Rekeningkunde 2	Kontraktereg
Erfreg	Deliktereg	Geskiedenis van Ekonomiese Denke
Finansiële Bestuur en Persoonlike Finansiële Bestuur		

DERDEJAARMODULES

Ekonomie 3	Volhoubaarheid en Verantwoordelike Burgerskap	Sakereg
Ondernemingsreg	Arbeidsreg	Internasionale Handel

WAT IS DIE TOELATINGSVEREISTES?

Graadtoelating met Afrikaans (50%), Wiskunde (50%) en Rekeningkunde (50%)

AANSOEKE VIR STUDIES IN 2021 IS OOP. *Klik hier vir meer inligting*

www.akademia.ac.za | *086 122 2888*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.